# WIE IS GOD?

## REEKS

**vir die ouer:**

In hierdie reeks gaan ons gesels oor wie God is.  Ons gaan skrif uit die bybel haal wat ons dan met die kinders gaan behandel sodat hulle kan leer wie God is.

Daar is 2 maniere om God te leer ken, dit is deur sy Woord en om tyd met Hom te spandeer.

Wie is God is opgedeel in die volgende lesse:

- God is ons herder
- Die Here is my skild en toevlug
- God is my lig
- Die Here is my lied

Daar is bybel studie bladsye wat afgelaai kan word sodat die ouer kinders die bybel kan vat en dieper gaan delf en meer gaan soek na wie God is.

Vir die kleintjies is daar aktiwiteits bladsye by.

Geniet hierdie ontdekkingsrys saam met jou kinders en lei hulle om meer van God te leer ken.

# DIE HERE IS MY SKILD EN TOEVLUG

**Hierdie is 'n saam gesels lessie.**
Lees hierdie vir jou kind

Wat is 'n skild? Het jy al ooit 'n skild gesien?
Nou in die ou dae het alle soldate 'n wapenrusting aangehad en een van die goed wat hulle in hul hand gehad het was 'n skild.
Die skild was wat hulle gebruik het om die aanvalle van die vyand af te keer.

Hulle kon 'n swaard se steek of selfs pyle weg hou van hul lyf af as hulle die skild ophou voor hulle.

Nou hoekom praat ons vandag van 'n skild? Kom ons kyk wat se die bybel.

**Bybel vers:**
PSALMS 18:3 AFR53

Die HERE is my rots en my bergvesting en my redder; my God, my rots by wie ek skuil; my skild en die horing van my heil, my rotsvesting.

Het julle geweet daar word BAIE in die bybel verwys dat God ons skild is.





# DIE HERE IS MY SKILD EN TOEVLUG

Nou hoe werk dit dat ons vir Jesus as ons skild moet gebruik? Ek is bietjie deurmekaar, ek kan nie vir Jesus optel en hom voor my hou nie.

As ons kyk in Efesiers praat die bybel van die wapenrusting. Daar praat die woord van die skild van geloof. Ons geloof in God is ons skild. Wanneer die duiwel kom met leuns en goed om ons aan te val kan ons se. Ek glo in God, Hy is my redding en sal my help.

God is ons toevlug. Wat is 'n toevlug?

Wanneer iets gebeur het en jy is bang, dan hardloop jy mos na wa jy veilig voel. As iemand jou jaag hardloop jy huis toe want jy voel veilig daar. Net soos jou huis dan jou toevlug is, jou veilige plek. So is God ons toevlug, wanneer ons bang is dan moet ons na Hom toe hardloop en Hy sal ons veilig hou.

Hoe doen ons dit?

Ons spandeer tyd met hom. Ons bid elke oggend en aand en sommer reg deur die dag. Ons praat met Hom en vertel Hom van alles. As daar iets is wat ons pla of waarvoor ons bang is gaan ons eerste na Hom toe en se Here, help my, beskerm my.

Dit beteken nie ons kan net doen wat ons wil en stout wees en ongehoorsaam wees en Hy sal ons beskerm nie. O nee...

Ons moet steeds werk daaraan om reg te lewe en nie verkeerde goed te doen nie.

REEKS: WIE IS GOD?
LES 2


# DIE HERE IS MY SKILD EN TOEVLUG

Groter kinders - soek die volgende skrifte op en skryf hulle neer.

Psalm 3:4

Psalm 119:114

Psalm 7:11




Psalm 18:3


II Samuel 22:3

II Samuel 22:31

Spreuke 30:5

Dankie Here dat U ons skild is wat alle pyle van die duiwel af keer van ons af en dat ons by U kan skuil.
Amen






REEKS: WIE IS GOD?
LES 2

# DIE HERE IS MY SKILD EN TOEVLUG

Knip die shield uit, versier hom.
Agter die shield plak (of staple) 'n band war jy aan kan vashou..



# Psalm 91:1-4

1 HY wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die
skaduwee van die Almagtige.
2 Ek sal tot die Here sê: My toevlug en my bergvesting, my God op wie ek
vertrou.
3 Want Hy is dit wat jou sal red uit die net van die voëlvanger, van die
verderflike pes.
4 Hy sal jou dek met sy vlerke, en onder sy vleuels sal jy skuil; sy trou is 'n
skild en pantser.